

# ’n Pluimpie vir ‘Messe in Henne’

DeBeer Cloete

EERSTENS is daar geen henne wat geslag word en geen doellose geweld nie.

David Geysen (Ararat) van De Appel-teatergroep bring dié keer ’n produksie op die planke/veld wat geen feesganger emosieloos kan laat nie.

Die storie is eenvoudig: ’n Boerin en haar man woon net buite ’n klein dorpie waar konserwatiewe, Calvinistiese denkwyses seëvier.

Dan, op ’n dag, stuur die boer sy vrou na die meulenaar, ’n eksentrieke, geletterde man wat haar dwing om die lewe deur sy meel-besmeerde bril te sien. Sy leer van haar man en sy perde, om te skryf en om haar eie denkwyse paradigmies te verskuif, maar wat nou?

Dit is selde, indien ooit, dat jy ’n produksie sien wat jou so beïndruk. Van die eerste keer dat die boerin (Nadia Amin) haar mond oopmaak, is jy geboei.

Die taal is . . . wel, Afrikaans en die waarhede universeel.

Ja, daar is naaktheid en ja, die taal is kru, maar is dit nie iets waarmee ons in elk geval daagliks saamleef nie? Wees dus gewaarsku: hierdie is ernstige teater, teater met ’n doel en teater waaroor mense nog lank gaan praat.

Die stelontwerp is uitsonderlik. Daar is nie ’n deur of ’n plankie wat nie ’n spesifieke doel het nie. Die taalgebruik herinner aan Breytenbach, maar tog is dit uniek en vermeng met oomblikke van sang. Die konsep is verfrissend, nuut en nooit vervelig nie.

Die spel van Nadia Amin, Hugo Maerten en Albert Pretorius is oortuigend en met rukke sit jy so met hoendervleis dat jy bibber van die lekkerkry. Avant-garde teater op sy beste. Bravo!

Die produksie word elke dag tot 9 April om 19:30 op die Vredestraat-sportterein opgevoer. Trek jou trui aan en maak jou reg vir ’n ervaring soos min

As kiepie nie wil eiers lê nie, moet sy maar voel..